VERSLAG ATLAS: BEOORDELING VAN GRAVAMINA/BESWAARSKRIFTE MET BETREKKING TOT DIE ALGEMENE SINODE VAN 2015 OOR DIE UITBREIDING VAN DIE BELYDENISGRONDSLAG DEUR SINODE (Art 35.7)

1. Inleiding

Die Algemene Sinode van 2019 het die volgende opdrag aan ATLAS gegee "om die AS 2015-besluite oor die uitbreiding van die belydenisgrondslag deur sinodes (Art 35.7) te oorweeg en verslag te lewer aan die ASM in Maart 2020 vir afhandeling".

Die besluit van die Algemene Sinode van 2015 waarna daar in hierdie opdrag verwys word, en wat met 'n tweederde meerderheid deur die sinode goedgekeur is, lui soos volg:

> **1. Die Algemene Sinode besluit om dit vir sinodes moontlik te maak om ander belydenisskrifte wat nie in stryd met die Skrif, die drie Formuliere van Eenheid en erkende ekumeniese belydenisse is nie, deel van (die sinode se) belydenisgrondslag te maak**.
> **2. Die Algemene Sinode besluit om Artikel 35 van die Kerkorde te wysig deur die byvoeging van Artikel 35.7:**
> ***Die opname van ander belydenisskrifte in die kerklike bepalinge van die sinode, op voorwaarde dat:***
> ***35.7.1 die Algemene Sinode vooraf bevind het dat sodanige belydenisskrif nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie;***
> ***35.7.2 minstens twee derdes van 'n sinode ten gunste daarvan besluit;***
> ***35.7.3 minstens twee derdes van die kerkrade van 'n sinode ten gunste daarvan besluit en die nodige approbasie verkry is;***
> ***35.7.4 dit sonder dwang vir lidmate, ampsdraers en ander kerkvergaderinge binne die sinodale gebied geskied, en***
> ***35.7.5 dit nie as 'n wysiging van die NG Kerk se gemeenskaplike belydenisgrondslag beskou word nie***.
> **3. Die Algemene Sinode gee aan die NG Kerk in Wes- en Suid-Kaapland en ander sinodes wat daarom vra, toestemming om kragtens (die nuwe) Artikel 35.7 die Belydenis van Belhar deel van die sinode se belydenisgrondslag te maak**.

Verskeie gravamina/beswaarskrifte is teen hierdie besluit ingedien, waarvan slegs die volgende inhoudelike/leerstellige besware teen die Belydenis van Belhar aan die orde stel:

98.	WD Strauss
101.	Schalk Strauss ea
121.	Boksburgpark

In die beoordeling van die besware het die taakspan met groot dank gebruik gemaak van 'n verslag wat in 1998 deur SKLAS van Wes-Transvaal (tans Goudland) opgestel is en wat 'n

omvattende histories-teologiese beoordeling van die Belydenis van Belhar bevat (die volledige verslag word as aanhangsel hierby aangeheg).

Onderliggend aan die beoordeling van die besware wat in die gravamina/beswaarskrifte aan die orde gestel word, is deurentyd die vraag of die Belydenis van Belhar in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisskrifte of nie. Indien dit nie daarmee in stryd is nie, behoort 'n sinode nie op grond van leerstellige gronde daarvan weerhou te word om die Belydenis in sy bepalinge op te neem nie.

2. Punte van beswaar

2.1. WD Strauss

2.1.1. Die Belydenis van Belhar is 'n dokument wat uit die **politiek** gebore is. Die gevaar is dat 'n belydenis soos hierdie die kerk in 'n politieke drukgroep kan verander ten einde politieke en maatskaplike verandering te bewerkstellig. Dit geld die NG Sendingkerk [VGKSA], sowel as die NG Kerk indien dié Belydenis aanvaar sou word.

2.1.2. Die **kerklike eenheid** wat deur die Belydenis van Belhar bepleit word, hou nie voldoende rekening met wat in die Bybel oor die verskeidenheid van volke, tale en kulture geleer word nie. Indien Christus se gebed om die eenheid van die kerk soos in die Belydenis van Belhar gebruik word om ware selfbeskikking en groepsonderskeid in die kerk af te breek, bevind ons ons buite die wil van God.

2.1.3. Die gebruik van die term **versoening** in die Belydenis van Belhar is tekenend van die **Bevrydingsteologie**. Versoening wat daarna streef om groepsolidariteit in die kerk en en die gemeenskap tot niet te maak, is niks ander as 'n heidense dwaling nie.

2.1.4. **Geregtigheid** soos dit in die Belydenis van Belhar beskryf word, is 'n aardse, goedkoop geregtigheid en nie die ware Bybelse geregtigheid nie.

2.1.5. Behoudende en Skrifgebonde gelowiges wat die Belydenis van Belhar bestudeer, kan tot geen ander gevolgtrekking as dat dit nie die Woord van God as basis het nie, maar eerder 'n **Marxistiese ideologie** van valse wêreldvrede en Babelse eenheid.

2.2. Schalk Strauss ea

Die motivering van die leerstellige in hierdie gravamen/beswaarskrif berus volledig op twee ander dokumente: 'n studiestuk "Belydenis van Belhar: Historiese Konteks en Teologiese Inhoud" opgestel deur ds Theo Danzfuss, en 'n studiestuk "Bedenklike eksegese van sommige tekste in die Belydenis van Belhar" opgestel deur 'n outeur wie se naam nie vermeld word nie:

2.2.1. In die studiestuk van Danzfuss word die volgende besware aangedui:

2.2.1.1. Historiese konteks

Met spesifieke verwysing na die persoon en werk van dr Allan Boesak, sowel as die spanning en konflik by die NG Sendingkerk se Algemene Sinode van

1982, word die Belydenis van Belhar beskryf as mooi klinkende woorde wat die angel van die swart bevrydingsteologie dra en wat sedert sy ontstaan aanleiding gegee het tot twis, skeuring en verdeeldheid.

2.2.1.2. Hermeneutiese sleutel

Die wyse waarop begrippe soos kerk, eenheid, geregtigheid, versoening en vrede in die Belydenis van Belhar gebruik word, dui op die gebruik van 'n horisontalistiese hermeneutiese sleutel wat gebruik word.

2.2.1.3. Teologiese wanbalans eie aan sektariese denke

Terwyl die Gereformeerde belydenisse dwalinge "na links en na regs" veroordeel, verwerp die Belydenis van Belhar slegs na een kant. Dwalinge "na links" word nie net geïgnoreer nie, maar selfs bevorder in die formulerings oor God, kerk, eenheid ens.

2.2.1.4. Onakkurate formulering

Die formulering dat God "op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, die armes en die veronregtes" is, is vatbaar vir misverstand en wek die indruk dat uitdrukking gee aan die taal en teologie van die bevrydingsteologie.

2.2.1.5. Horisontalistiese Skrifgebruik

Die inhoud van die Belydenis van Belhar is gebaseer op 'n onaanvaarbare horisontalistiese eksegese en dit verklaar waarom die Belydenis 'n "ander taal praat" as dit by sake soos versoening en geregtigheid kom.

2.2.1.6. Kerkbegrip en kerkeenheid

Die stelling in die Belydenis van Belhar dat geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk is, is slegs waar met verwysing na die een, heilige, algemene Christelike kerk, maar nie met verwysing na die plaaslike gemeente nie: lidmaatskap word daar medebepaal deur dinge soos doop, kategese, geloofsbelydenis, aanvaarding van die kerk se belydenisgrondslag, ligging, taal ens. Die standpunt dat een kerkformasie 'n Bybelse eis is, en dat alle aparte kerkformasies sondig is, is ook in stryd met die Skrif en Gereformeerde belydenis.

2.2.1.7. Verskeidenheid en verdeeldheid

Die Belydenis van Belhar gee geen erkenning vir die bestaan van afsonderlike kerke wat nie as gevolg van verdeeldheid afsonderlik is nie, maar weens natuurlike Godgewilde faktore. Alle verskeidenheid word gebrandmerk as sondige onversoendheid.

2.2.1.8. Belhar en homoseksualisme

Die feit dat daar by die VGKSA se Algemene Sinode van 2009 op grond van die Belydenis van Belhar 'n pleidooi gelewer is vir die aanvaarding van gaylidmate en die erkenning van selfdgeslagverbintenisse, dui op 'n onmiskenbare, direkte konneksie tussen dié Belydenis en "gayteologie".

2.2.1.9. Godsbegrip

Die Belydenis van Belhar se verwysing na God as "op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, die arme en die verdrukte" beteken die verwerping van die God van ons voorouers, want Hy was nie die God van die verdruktes nie, maar eerder 'n afgod.

2.2.1.10. Taak van die kerk

Volgens die Belydenis van Belhar is die taak van die kerk hoofsaaklik horisontalisties, naamlik om armes kos te gee, verdruktes, weduwees en weeskinders te versorg, gevangenes te bevry ens. Die Jesus van die Bybel was nie die Jesus van die bevrydingsteologie wat met 'n gebalde vuis veg vir politieke en maatskaplike bevryding nie, maar die Jesus wat met deurboorde en gevoude hande bid: "Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie".

2.2.2. In die studiestuk oor "bedenklike eksegese" word die volgende gesê oor Die Belydenis van Belhar se eksegese van :

2.2.2.1. Efesiërs 2:11-22

Dié teksgedeelte word deur die Belydenis van Belhar misbruik om die gedagte te ondersteun dat die versoeningswerk van Christus slegs sigbaar word in die georganiseerde geloofsgemeenskap. Die feit dat mense van verskillende herkoms in "een liggaam" met God versoen word, dui op die onsigbare kerk en nie noodwendig op die georganiseerde gestalte daarvan nie.

2.2.2.2. Efesiërs 4:1-16

Die Belydenis van Belhar gebruik hierdie teksgedeelte as bewysplaas vir georganiseerde, strukturele eenheid, terwyl die eenheid wat hier ter sprake is, duidelik 'n "eenheid van die Gees" is. Wat ons gemeenskaplik met mekaar deel, is die feit dat alle gelowiges vrede met God het. Ons kan in vrede met mekaar saamleef, al is daar nie noodwendig strukturele eenheid nie. As bewys dat die eenheid waarvan hier sprake is, geestelik van aard is, is die feit dat Paulus vanaf verse 4 tot 6 die Drie-eenheid (geestelike eenheid) gebruik om die eenheid te beskryf wat daar in die kerk (onsigbare kerk) behoort te wees.

2.2.2.3. 1 Korintiërs 12:1-8 en Romeine 12:3-6

Terwyl die Belydenis van Belhar tereg na hierdie gedeeltes verwys om aan te toon dat die gawe van verskeidenheid tot opbou van die liggaam aangewend te word, mag osn ook nie ons oë sluit vir die gevaar dat sekere kultuurgebruike en selfs taal afbrekend binne die geloofsgemeenskap kan wees nie.

2.2.2.4. Galasiërs 3:27-29

Ook hierdie teks word verkeerdelik gebruik asof dit strukturele eenheid verkondig, terwyl dit duidelik in hierdie gedeelte oor geestelike eenheid

gaan. Die boodskap van Paulus is bloot dat vir alle mense, ongeag etnisiteit, stand of sosiale status, verlossing deur Christus moontlik is.

2.2.2.5. 2 Korintiërs 5:17-21

Die Belydenis van Belhar misbruik hierdie teks asof met "versoening" in hierdie teksgedeelte die horisontale bedoel word, terwyl dit duidelik is dat dit hier oor versoening met God gaan, Alleen wanneer daar van hierdie vertikale versoening sprake is, sal die kerk dit regkry om versoening tussen mense te bewerk.

2.2.2.6. Die begrip "geregtigheid van God"

Die Belydenis van Belhar gebruik die begrip "geregtigheid van God" asof dit die uitwissing van sosiale ongelykheid en onreg sou beteken, terwyl die Bybel baie duidelik daaroor is dat die geregtigheid van God te doen het met sy regverdige handelinge waardeur Hy die verhouding tussen Hom en die sondige mens in Christus herstel.

2.3. **Boksburgpark**

Die Belydenis van Belhsr stem nie genoegsaam met die Woord van God ooreen om as Gereformeerde belydenisskrif te kwalifiseer nie, aangesien dit nie die volledige leer oor die verlossing in Christus en hoe ons as Christene behoort te leef omvat nie, Belhar fokus slegs op die sosiaal-etiese en sosio-politieke aspekte daarvan.

3. Beoordeling van die besware

3.1. WD Strauss

3.1.1. Die politieke aard van die Belydenis van Belhar

Dit is onvermydelik dat die Belydenis van Belhar as 'n politieke dokument getipeer kan word, aangesien dit gebore is uit 'n lang worsteling in die NG Kerkfamilie oor die teologiese regverdiging van die beleid van politieke en kerklike apartheid. Dit is juis hierdie worsteling wat gelei het tot die uitroep van 'n *status confessionis* en die totstandkoming van 'n belydenisskrif om uitdrukking te gee aan die oortuiging dat die geloofwaadigheid van die evangelie in gedrang gebring is deur die wyse waarop apartheid deur veral die NG Kerk ondersteun en teologies gelegitimeer is (vgl paragraaf 2.2 van die aangehegte verslag vir 'n uitgebreide historiese perspektief).

Die politieke aard van die Belydenis van Belhar maak dit egter nie onaanvaarbaar as 'n belydenisskrif nie, net so min as wat die profetiese boeke in die Bybel op grond van hulle skerp sosio-politieke kommentaar hulle plek in die kanon verbeur. Dit is 'n Gereformeerde grondoortuiging dat die boodskap van die evangelie betekenis het vir elke aspek van die lewe, insluitende die politiek en die maatskaplike lewe.

3.1.2. Kerkeenheid

Dit is onjuis om te beweer dat die Belydenis van Belhar in sy uiteensetting oor die eenheid van die kerk nie voldoende rekening hou met wat die Bybel oor die diversiteit tussen mense sê nie. In Artikel 2 van die Belydenis word daar duidelik

verklaar dat die eenheid van die kerk nie dien tot die uitsluiting van die verskeidenheid nie, maar dat die verskeidenheid juis sy plek binne die eenheid vind deurdat dit beskou word as geleenthede tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk. Eenheid word ook nie as eenvormigheid gesien nie, maar kan op 'n verskeidenheid van manière sigbare gestalte kry en werksaam wees (vgl paragrawe 2.4 en 2.5.2.5 van die aangehegte verslag). Die argument in die gravamen dat die bevordering van eenheid ten koste "selfsbeskikking en groepsonderskeid in die kerk" ons buite die wil van God plaas, is in stryd met die Bybelse boodskap dat die natuurlike verskille tussen mense juis in Christus getransendeer word.

3.1.3. Versoening en Bevrydingsteologie

Die opvallende en diepgaande verskille tussen die Belydenis van Belhar en die Bevrydingsteologie word omvattend in die aangehegte verslag aangetoon. Anders as in die Bevrydingsteologie waar daar meermale sprake is van 'n oproep tot die stryd tussen onversoenbare teenpartye, roep die Belydenis van Belhar gelowiges op tot versoening en eenheid en geregtigheid. Wat volgens die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar teengestaan word, is 'n "valse leer… 'n ideologiese verdraaiing va wat die evangelie self… bedreig." Tog word daar steeds erkenning gegee vir die "Christelike geloof, …opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge" van diegene wat die valse leer aangehang het en word daar gestrewe na versoening tussen geloofsgenote wat hulle aan die verskillende kante van die ideologiese verdelingslyn bevind (vgl paragraaf 2.5.4 van die aangehegte verslag).

3.1.4. Geregtigheid

Dit is 'n vertekening van die Bybelse boodskap om die wyse waarop daar in die Belydenis van Belhar oor geregtigheid gepraat word**,** te beskryf as 'n aardse geregtigheid wat teenoor die ware Bybelse geregtigheid staan. Bybelse geregtigheid omvat beide regverdigmaking (die herstel van die vertikale verhouding tussen God en mens) en die bestryding van onreg (die herstel van die horisontale verhouding tussen mense onderling). Artikel 4 van die Belydenis wat handel oor aardse/horisontale geregtigheid, word voorafgegaan deur Artikel 1 waar die Kerk beskryf word as diegene wat deur God "versamel, beskerm en versorg" word (dus in hulle vertikale verhouding met God herstel word) en Artikel 2 waar van die kerk gepraat word as "geloofsgemeenskap wat met God en onderling met mekaar versoen is". Dat die Belydenis in sy spreke oor sosiale geregtigheid wel deeglik en op verantwoordbare wyse gebruik maak van Bybelse taal, word uitvoerig aangetoon in die aangehegte verslag (vgl paragraaf 2.5.3.2.1 tot 2.5.3.2.6 van die aangehegte verslag).

3.1.5. Marxistiese ideologie

Anders as in die geval van die Marxistiese maatskappykritiek waar konflik beskryf word as die onafwendbare en noodsaaklike klassestryd tussen "haves" wat gedemoniseer word, en "have nots" wat van hulle valse bewussyn bevry en tot hulle volle potensiaal gemobiliseer moet word, word gelowiges nie deur Belhar opgeroep tot 'n rewolusionêre stryd nie, maar tot versoening en die beoefening van geregtigheid. Die taak van die kerk is om "deur woord en daad getuies te wees van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon", om mense in enige

vorm van nood by te staan “wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig teen enige vorm van ongeregtigheid” (vgl paragraaf 2.5.4 van die aangehegte verslag).

3.2. Schalk Strauss ea

3.2.1. Besware van Danzfuss:

3.2.1.1. Historiese konteks

Dat die Belydenis van Belhar teen die agtergrond van die Swart Bevrydingsteologie tot stand gekom het, en dat daar by die NG Sendingkerk se Algemene Sinode van 1982 ernstige konflik was, kan nie ontken word nie. Dat die inhoud van die Belydenis egter grondig verskil van die tipiese geskrifte van die Bevrydingsteologie (soos bv die Kairos-dokument van 1985), kan ook met redelike gemak aangetoon word (vgl paragraaf 2.5.4 van die aangehegte verslag). ‘n Volledige oorsig oor die historiese gebeure wat aanleiding gegee het tot toenemende konflik in die NG Kerkfamilie met betrekking tot die saak van kerkeenheid en die teologiese regverdiging van apartheid, maak die spanning en konflik by die sinodesitting van die NG Sendingkerk verstaanbaar (vgl paragraaf 2.2 van die aangehegte verslag). Dit is juis kenmerkend van tydperke van intense belydenisvorming dat dit gepaard gaan met ernstige meningsverskil, konflik en selfs verdeeldheid oor die saak waaroor daar in die belydenisskrifte gehandel word. Gebeure vóór, tydens en ná die afloop van die Sinode van Dordrecht van 1618-19 is hiervan ‘n sprekende voorbeeld en neem nogtans niks weg van die betekenis van die Dordtse Leerreëls as Gereformeerde belydenisskrif nie.

3.2.1.2. Hermeneutiese sleutel

‘n Noukeurige lees van die Belydenis van Belhar maak dit duidelik dat daar geen sprake is van horisontalisme in die wyse waarop daar teologie beoefen word nie. In die begronding van dit wat oor die eenheid van die kerk gesê word, word daar daarvan uitgegaan dat “die versoeningswerk van Christus sigbaar moet word” en word die kerk beskryf as “diegene wat met God en onderling met merkbaar versoen is.” Ook die roeping van die kerk met betrekking tot versoening in die gemeenskap word gegrond in die Bybelse gegewe dat “God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Christus toevetrou het.” Die voorwaardes vir versoening tussen mense is deur God nagekom deurdat Hy “deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het.” Dit is ook “God deur sy leweskeppende Woord en Gees (wat) sy volk in staat stel” om hulle roeping in die samelewing en wêreld te gehoorsaam. Wat oor die kerk se roeping ten opsigte van sosiale geregtigheid gesê word, word ook afgelei van die feit “dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring” (vgl paragraaf 2.5.4 van die aangehegte verslag).

3.2.1.3. Teologiese wanbalans

Dit is ‘n onjuiste tipering om te beweer dat Gereformeerde belydenisskrifte dwalinge “na links en na regs” veroordeel. Belydenisskrifte kom tipies in ‘n tydperk van konflik tot stand en reageer in die meeste gevalle op die spesifieke saak of sake wat in die konfliksituasie aan die orde is. Soms (soos in die geval van die Nederlandse Geloofsbelydenis) word daar na twee kante toe gereageer, en

soms (soos in die geval van die Dordtse Leerreëls) na slegs een kant toe. Dat sekere dwalinge "na links" deur die Belydenis van Belhar bevorder word (bv in die formulerings oor God, kerk en eenheid), word nie in die beswaarskrif beredeneer nie, en kan dus as ongegronde en ongetoetste bewerings beskou word.

3.2.1.4. Onakkurate formulering

Die formulering dat God "op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is", is alleen vir misverstand vatbaar as dit losgemaak word van die wyse waarop dit deur die onmiddellike konteks waarin dit staan, gekwalifiseer word. Daar word nie sondermeer (soos deur sommige eksponente van die Bevrydingsteologie) gesê dat God "die God van die armes" is tot uitsluiting van alle ander mense nie. Daar word spesifiek gesê dat God *"in 'n wêreld vol onreg en vyandskap"* op 'n besondere wyse die God van kwesbare en gemarginaliseerde mense is. En daar word ook gesê dat Hy "sy kerk roep om Hom hierin na te volg" – dieselfde kerk waarvan daar reeds in Artikel 2 gesê dat nóg "afkoms of enige ander menslike of sosiale faktor medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk" (vgl paragraaf 2.5.3 van die aangehegte verslag).

3.2.1.5. Horisontalistiese Skrifgebruik

Daar is reeds hierbo by 3.2.1.2 aangetoon dat die beskuldiging van horisontalistiese Skrifgebruik ongegrond is.

3.2.1.6. Kerkbegrip en kerkeenheid

Dit is 'n vreemde gedagte dat soos dinge soos doop, kategese, geloofsbelydenis, aanvaarding van die kerk se belydenisgrondslag, en dan veral ligging en taal as voorwaardes vir lidmaatskap van die plaaslike gemeente beskou word, en dan spesifiek teenoor geloof in Christus as enigste voorwaarde gestel word. Eersgenoemde sake hou almal verband met die geloof in Christus en kan as uitdrukkingvorme daarvan beskryf word, terwyl sake soos geografiese ligging en taal hoegenaamd nie as voorwaarde vir lidmaatskap bestempel kan word nie. Dit is ook 'n wanvoorstelling om te beweer dat die Belydenis van Belhar een kerkformasie as 'n Bybelse eis stel en alle afsonderlike kerkformasie as sonde beskou. Wat wel bepleit word is dat die eenheid van die kerk sigbaar moet word en dat alles wat die eenheid mag bedreig, geen plek in die kerk mag hê nie, maar bestry moet word. Wat verwerp word is enige leer wat die natuurlike verskeidenheid of sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat die sigbare en werkbare eenheid belemmer of verbreek word of lei tot aparte kerkformasie: aparte kerkformasie wat die gevolg is van die verabsolutering van natuurlike verskeidenheid of sondige geskeidenheid word afgewys, nie normale kerkformasie soos byvoorbeeld by afstigting nie (Belydenis van Belhar, Artikel 2).

3.2.1.7. Verskeidenheid en verdeeldheid

Dit is onjuis om te beweer dat alle verskeidenheid deur die Belydenis van Belhar as sondige onversoendheid gebrandmerk word. Trouens, die Belydenis spreek hom baie positief uit oor "die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, (wat)

vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God" (Belydenis van Belhar, Artikel 2).

3.2.1.8. Belhar en homoseksualisme

Dit is sekerlik verstaanbaar dat persone wat besorgd is oor die kerk se verhouding met en ingesteldheid teenoor gemarginaliseerdes (soos homoseksuele) 'n aanknopingspunt sal vind by die Belydenis van Belhar se beklemtoning van die Bybelse motief van God se ontferming oor weerlose en kwesbare mense. Dit beteken egter nie dat daar 'n direkte konneksie tussen dié Belydenis en sogenaamde "gayteologie" is nie – net so min as wat daar 'n direkte konneksie tussen die Bybel en byvoorbeeld Bevrydingsteologie of Apartheidsteologie is, net omdat Bevrydingsteoloë én Apartheidsteoloë die Bybel in hulle teologiese beredeneringe gebruik.

3.2.1.9. Godsbegrip

Die bewering dat die verwysing na God as "op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verdrukte" die verwerping van ons voorouers beteken, kan alleen as waar beskou word insoverre hulle (die voorouers) op 'n onBybelse wyse oor God gedink het as 'n God wat Hom nie op 'n besondere wyse oor mense in nood ontferm nie.

3.2.1.10. Taak van die kerk

Dit is onwaar dat die taak van die kerk volgens die Belydenis van Belhar hoofsaaklik horisontalisties is, naamlik om mense in nood te versorg en onreg te bestry. Die kerk het ook die taak om die onderlinge eenheid wat gawe én opdrag is, na te jaag en te bevorder sodat die volk van God opgebou kan word (Artikel 2); om die boodskap van versoening in en deur Christus te verkondig en getuies te wees van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon (Artikel 3); om as eiendom van God te staan waar God staan en as volgelinge van Christus te getuig teen almal wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel (Artikel 4); om dit alles te bely en te doen in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof en Heer; en om dit alles te doen tot eer en verheerliking van die Drie-enige God (Artikel 5).

3.2.2. Bedenklike eksegese

Dit is duidelik dat die besware in hierdie gedeelte deurlopend berus op die valse teenstelling tussen die "geestelike" eenheid van die "onsigbare kerk" en die georganiseerde gestalte daarvan. Die feit dat al hierdie teksgedeeltes kom uit briewe wat aan konkrete gemeentes geskryf is met die doel om hulle aan te spoor om die onderlinge eenheid wat op allerlei wyses bedreig word, te handhaaf en te bevorder, maak dit meer as duidelik dat dit nie net oor "geestelike" eenheid gaan wat nie sigbaar hoef te word nie maar in die konkrete gestalte van die kerk.

3.3. Boksburgpark

Die feit dat die Belydenis van Belhar net op sekere aspekte van die heilswerk van God fokus, maak dit nie anders as ander belydenisskrifte nie. Dit is juis in die aard van 'n belydenisskrif

om op bepaalde sake wat op ‘n bepaalde tydstip in dispuut is, te konsentreer met die oog daarop om oor bepaalde aangeleenthede tot groter helderheid en eenstemmigheid te kom. In die aangehegte verslag word daar uitvoerig aangetoon dat die Belydenis van Belhar in ooreenstemming met die Formuliere van Eenheid, en dus ook in ooreenstemming met die Bybel as Woord van God is (vgl paragraaf 2.5.1 van die aangehegte verslag).

4. Vorige besluite van die Algemene Sinode oor die Belydenis van Belhar

4.1 <u>1990 besluit</u>

4.2 <u>2011 besluit</u>

2.2 Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.3, soos gewysig, te aanvaar:
Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.

4.3 <u>2013 besluit</u>

BELYDENIS VAN BELHAR (A.12.4 pt 7.1 bl 173 word vervang met T.12.3.1 bl 2 pt 4) (vervolg):
4.3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art. 44 van die Kerkorde [goedgekeur met twee-derde meerderheid]:

Kerkorde Artikel 1:
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in 2.1.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en
2.1.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ’n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ’n belydenisskrif onderskryf nie.
3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat ’n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

5. Konklusie:

5.1. Dat die Belydenis van Belhar nie in stryd met die Skrif en die drie Formuliere van eenheid is nie (vgl 2.5.1 van die aangehegte verslag).

5.2. Dat dit in breë trekke en in besonderhede in ooreenstemming is met die NG Kerk se beleidstuk “Kerk en Samelewing” (vgl 2.5.2 van die aangehegte verslag).

5.3. Dat dit nie as ‘n Bevrydingsteologiese dokument beskou kan word nie, maar as ‘n eietydse formulering van Reformatoriese teologie met die oog op ‘n konkrete situasie (vgl 2.5.4 en 2.5.5 van die aangehegte verslag).

5.4. Dat daar geen teologiese rede is waarom dit nie deur sinodes van die NG Kerk by hulle bepalinge gevoeg kan word nie.